higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

EDUCARE DIDAKTIEK TEORIE EN PRAKTIES N5

(7080115)

25 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
EDUCARE DIDAKTIEK TEORIE EN PRAKTIES N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die ouderdomsgrens van 'n kleuter strek van ...

A 0 tot 18 maande.
B 18 maande tot 3 jaar.
C 3 tot 4 jaar.
D 4 tot 5 jaar.

1.2 Wanneer die kleure blou en rooi gemeng word, kry jy ...

A bruin.
B groen.
C swart.
D pers.

1.3 Om met water en met modder te speel, is voorbeelde van ...

A fantasiespel.
B morsige spel.
C manipulasiespel.
D fisiese spel.

1.4 Piaget identifiseer die sensories-motoriese tydperk van ...

A geboorte tot 2 jaar.
B 2 tot 7 jaar.
C 7 tot 11 jaar.
D 11 tot 15 jaar.

1.5 Wanneer kinders glo dat lewelose voorwerpe menslike gevoelens het, word dit ... genoem.

A konseptualisering
B animisme
C assimilasie
D klassifikasie

1.6 Die regterhemisfeer in die brein is vir ... verantwoordelik.

A analitiese vaardighede
B wiskundevaardighede
C taal
D kreatiwiteit

Kopiereg voorbehou

1.7 Kinders begin van ... om hul gekrabbel te benoem.

A 18 maande tot 2 jaar
B 2 tot 4 jaar
C 4 tot 5 jaar
D 5 tot 6 jaar

1.8 Tydens die skematiese stadium ...

A word meer realistiese kleure gebruik.
B sweef die figure op die bladsy rond.
C is die vorms onbeheersd.
D is die figure haarnaaldstrukture.

1.9 Die reël van derdes word in tekeninge gebruik om ... voor te stel.

A fatsoen
B komposisie
C proporsie
D lyne

1.10 Die vermoë om die teenwoordigheid van klank te herken, word ... genoem.

A ouditiewe diskriminasie
B ouditiewe geheue
C ouditiewe opeenvolging
D ouditiewe bewustheid

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 2

Kies 'n woord/term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–Q) langs die vraagnommer (2.1–2.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	'n Aktiwiteit wat wiskundebegrippe by die voorskoolse kind bevorder	A	konsep
2.2	'n Onderwerp	B	crescendo
2.3	Om 'n verbinding tussen die merke op die papier en die bewging van die hand te ontdek	C	onbeheersde gekrabbel
2.4	Om vrae oor grootte te vra	D	ontvanklike taal
2.5	'n Geleidelike toename in die hardheid van 'n musiekstuk	E	laat skematiese stadium
2.6	'n Veralgemeende idee	F	uitdrukkingsvolle taal
2.7	'n Kind wat soos 'n papegaai tel	G	klassifikasie
2.8	Om die basislyn duidelik te kan gebruik	H	vroeë simboliese stadium
2.9	Om die merke op die papier met die wêreld om hom/haar te assosieer	I	tema
2.10	Taal wat jy hoor of lees	J	objektief
2.11	Om willekeurige merke op papier te maak	K	getalle
2.12	Taal wat gepraat of geskryf word	L	beheersde gekrabbel
2.13	Vorms begin meer beheersd raak	M	meting
2.14	Om nie deur persoonlike gevoelens of menings beïnvloed te word nie	N	skematiese stadium
2.15	'n Geleidelike afname in die volume van 'n musiekstuk	O	benoemde gekrabbel
		P	decrescendo
		Q	volume

(15 × 2) **[30]**

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 Verduidelik die waarde daarvan om ’n geordende bergingsplek vir speelgoed in die dagsorgsentrum te hê. (5)

3.2 Bespreek hoe jy ’n veilige buite-omgewing in die dagsorgsentrum sal verseker. (10)

3.3 Jou tema vir die week is 'die hospitaal'. Watter hulpmiddele of apparaat sal jy in die fantasiehoekie plaas? (5)

3.4 Beskryf hoe jy ’n bak water, ’n veer en ’n muntstuk tydens ’n ontdekkingsaktiwiteit kan inspan om die begrippe 'swaar' en 'lig' aan die kinders te leer. (5)

3.5 Gee riglyne vir die keuse van boeke vir kleuters. (5)

3.6 Dui VYF reëls vir sandspel aan. (5)

3.7 Verduidelik hoe die dagsorgfasiliteerder die ouer by die kind se taalontwikkeling kan betrek. (5)

3.8 Gee die nadele van die oopplanaanbieding, dit wil sê dat die kinders van vertrek tot vertrek moet loop. (10)

[50]

VRAAG 4

4.1 Bespreek die kriteria vir waarnemings. (10)

4.2 Gee VYF doelwitte van storievertelling. (5)

4.3 Noem VYF soorte rym. (5)

4.4 Bespreek die uitleg van die boekhoekie. (10)

4.5 Mev Cele is die dagsorgfasiliteerder by Zebbies-dagsorgsentrum. Daar word van haar verwag om ’n tema te gebruik wanneer haar aktiwiteite beplan word.

4.5.1 Bespreek die voordele en nadele daarvan om tema-onderrig te gee.

4.5.2 Skryf VYF toepaslike besprekingspunte oor die tema, 'My huis'.

(2 × 10) (20)

[50]

VRAAG 5

5.1 Gee VYF kreatiewe aktiwiteite wat kleuters kan doen om hul fyn motoriese vaardighede te ontwikkel. (5)

5.2 Om kinders op uitstappies te neem, kan uiters bevredigend wees. Uitstappies kan kinders van praktiese ervaring voorsien en hulle aan die natuurlike omgewing blootstel.

5.2.1 Noem DRIE plekke wat kleuters op 'n uitstappie kan besoek. (3)

5.2.2 Bespreek die aspekte wat by die beplanning van 'n uitstappie vir kleuters in aanmerking geneem moet word. (10)

5.3 Verduidelik wat die dagsorgfasiliteerder moet oorweeg wanneer musiekstories aangebied word. (5)

5.4 Bespreek hoe musiek tot 'n kind se sosiale ontwikkeling kan bydra. (5)

5.5 Beplan 'n fisiese aktiwiteit vir kleuters deur boontjiesakke en mandjies as hulpmiddels by die les te gebruik.

Jou lesplan moet die volgende insluit:

IINLEIDING
- Aktiwiteit (2)
- Hulpmiddels/apparaat (2)
- Doelwit (2)

INHOUD
- Aktiwiteit (4)
- Hulpmiddels/apparaat (2)
- Doelwit (4)

SAMEVATTING
- Aktiwiteit (2)
- Hulpmiddels/apparaat (2)
- Doelwit (2)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou